# OPENBARE VERKLARING

## Regering verbreek 1994-skikking met beplande wysigings aan Skolewet wat Afrikaanse skole teiken

---

*Hierdie is ŉ openbare verklaring van belanghebbende organisasies wat hulle beywer vir volhoubare Afrikaanse onderrig in openbare skole. Dit word aan minister Angie Motshekga, as politieke hoof van die Departement van Basiese Onderwys en onderskrywer van Bela-wysigingswetsontwerp, gerig.*

Ons verklaar soos volg:

1. Met die grondwetlike skikking in 1994 is die belofte gemaak dat taal en kultuur in die nuwe bedeling beskerm sal word. Dit sou insluit verdraagsaamheid en ruimte vir die behoud en ontwikkeling van Afrikaans en ander inheemse tale. Die behoud van Afrikaans as akademiese- en wetenskapstaal is in die skikking as ŉ bate voorgehou, saam met die ontwikkeling van ander inheemse tale. Dit is ook verskans in artikel 6 van die Grondwet.

2. In die 28 regeringsjare van die ANC is daar nog geensins erns gemaak met hierdie grondwetlike opdrag om Afrikaans as akademiese en wetenskapstaal te behou en te ontwikkel, óf om ander inheemse tale, naas Afrikaans, te ontwikkel nie.

3. Sekere van die voorgenome wysigings van die Skolewet is ŉ berekende aanval op Afrikaanse onderwys en Afrikaanssprekendes as taalgemeenskap oor die hele land.

Afrikaans is die derde mees gesproke taal in die land met meer as sewe miljoen moedertaalsprekers, waarvan meeste uit die bruin gemeenskap kom. Dit gaan huidige Afrikaanssprekendes deur burokratiese en ideologiese besluite van hulle grondwetlike reg op die onderrigtaal van hulle keuse ontneem. Dit sal ook ʼn onherstelbare en permanente verbreking van die grondwetlike skikking deur die regering in 1994 daarstel.

4. Onderliggend aan sekere Bela-bepalings is daar ʼn valse voorstelling dat Afrikaanse onderwys ʼn versperring vir toegang tot onderwys in die land is. Volgens die ANC is breër toegang tot onderwys slegs moontlik wanneer Afrikaanse onderwys deur wetgewing onmoontlik gemaak word.

5. In teenstelling met die volgehoue pogings van die ANC om Afrikaanse onderwys verdag te maak, streef die Afrikaanse taalgemeenskap na ʼn positiewe, volhoubare omgewing vir Afrikaanse onderrig en is ons aktief verbind tot veeltaligheid en nie-rassigheid.

6. Hierdie wetsontwerp spruit uit ʼn oppervlakkige beskouing van taal, en is daarop gerig om die identiteit van Afrikaanssprekendes te misken, en om deur onderwys die taaldiverse aard van die land teen te werk deur ʼn Engelse hegemonie af te dwing.

7. Die volgehoue verdagmaking van Afrikaanse onderwys veronderstel ook dat Afrikaanssprekendes onwaardige burgers is wat nie hulle taal in openbare onderwysinstellings mag laat voortleef nie. Dit veronderstel ook dat die staat en sy burokrate alleen die wysheid het om te besluit wat in die belang van Afrikaanssprekendes is. Dit is onvergeeflik dat volgende geslagte deur ʼn vyandige regering ontneem gaan word van hulle reg op moedertaalonderrig in skole en uiteindelik sonder keuse by die ANC se meerderheidsbeskouing van Afrikaans as ʼn onwaardige taal in onderwys ingedwing sal word.

8. ʼn Verdere uitvloeisel van die kaping van Afrikaanse onderwys is dat dit die betrokkenheid en vrygewigheid van Afrikaanse skoolgemeenskappe landswyd ondermyn en dat Afrikaanse gemeenskappe se regstreekse seggenskap om deur onderwys hulle gemeenskappe te verbeter, deur die staat weggeneem word.

9. Ten slotte verteenwoordig die spesifieke bepalings van Bela ʼn vertrouensbreuk van regeringskant wat ook verantwoordelik was vir die daarstelling van grondwetlike instrumente om ruimte te skep vir Afrikaans en ander inheemse tale om in die nuwe


bedeling voort te bestaan, net om daardie selfde grondwetlike instrumente te gebruik om Afrikaanse onderwys ongedaan te maak.

**Hiermee word verklaar dat indien Bela sou slaag, dit as 'n eensydige verbreking deur die regering van die grondwetlike skikking van 1994 geag sal word, en dat die vertrouensbreuk tussen die Afrikaanse taalgemeenskap en die regering onherstelbaar en permanent sal wees.**


**Ondertekenaars:**



**Solidariteit Beweging** – Flip Buys



**Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO)** – Dr. Theuns Eloff



**Trust vir Afrikaanse Kuns, Kultuur en Erfenis** – Dr. Theuns Eloff



**Kaapse Forum** – Heindrich Wyngaard



**AfriForum** – Kallie Kriel



**DAK-netwerk** – Danie van Wyk

**Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU)** – Chris Klopper



**Solidariteit** – Dr. Dirk Hermann




**Afrikaanse Taalraad (ATR)** – Conrad Steenkamp



**Afrikaanse Onderwys Netwerk (AON) –** Daan Potgieter



**Die MOS Inisiatief (Moedertaal in Onafhanklike Skole) –** Roedolf van der Westhuizen




**Solidariteit Helpende Hand** – Hannes Noëth




**Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns** – Prof. Anne-Marie Beukes




**Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) –** Leon Fourie



**Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigingе** – Dr Danie Langner



**StudentePlein** – Frederik van Dyk



**AfriForum Uitgewers** – Alana Bailey



**Leierskapsvereniging (LV)** – Hugo Vermeulen



**AfriForum Jeug** – Ronald Peters



**Solidariteit Jeug** – Mareli Bothma